GRAAN

Reën rem KZN se soja-oes

NÁ 'n somer waarin reën 'n gebedsaak was, hou boere in KwaZulu-Natal en die Oos-Vrystaat nou duim vas vir droër toestande om te kan oes.

Mnr. Anthony Muirhead van Winterton het nog net 15% van sy sojabone geoes: "Ons sukkel al twee weke lank. Die reën val so een of twee millimeter op 'n slag en hou 'n man tot drie-uur smiddae uit die lande uit. Saans neem die vogtigheid weer toe en jy moet ophou."

Mnr. J.J. Bester van Vrede in die Oos-Vrystaat is ook bekommerd: "Ons het nog nie skade nie, maar ons moet binne 10 dae oes, anders spring die peule oop en ons kan kwaai skade ly. Die weervoorspelling lyk ongunstig en ons gebruik elke droë oomblik wat ons kry."

Volgens Muirhead is die droogteskade groot.

Op die droëlande wat hy reeds geoes het, het hy verliese van 40% tot 50% gely.

Me. Nalini Dixon, woordvoerder vir KwaZulu-Natal se landboudepartement, sê teen einde Maart was nege munisipale distrikte reeds op 'n vlak 4-droogtestatus, met vlak 5 wat 'n volskaalse ramp beteken: "Ons besef veral suikerboere het erg deurgeloop onder die droogte en dat dit vir hulle 'n ramp is wat oor meer as een seisoen strek.

"Binne die rampbestuurseenheid werk ons hard saam met die georganiseerde landbou om die evalueringsproses so gou moontlik af te handel en 'n aansoek om ramphulp by die nasionale Regering in te dien."

HULP NOG ONSEKER

KwaZulu-Natal se departement van samewerkende regering en tradisionele sake (Cogta KZN) het onlangs 'n verdere R24 miljoen van die Nasionale Rampbestuursentrum ontvang vir droogteverligting in die provinsie. Dit was nadat R352 miljoen reeds vroeër deur die nasionale Departement van Water en Sanitasie aan die departement gegee is.

BO: Sojabone wat byna gereed is om geoes te word in Dundee, KwaZulu-Natal.
FOTO: JOHAN VAN DER MERWE

Mnr. Lennox Mabaso, woordvoerder van Cogta KZN, meen dit is moeilik om aan te dui hoeveel van die R24 miljoen uiteindelik aan die landbou toegeken sal word.

"Ons is nog besig om geld beskikbaar te stel vir die verskaffing van water vir menslike gebruik nadat 'n tekort ontstaan het ná die R352 miljoen aangewend is. Ons benodig ongeveer R600 miljoen vir munisipale droogteverligting, waarvan 'n deel wél die landbousektor insluit. Dit is egter 'n afsonderlike evaluering waarmee die departement van landbou en landelike ontwikkeling tans besig is," sê Mabaso.

– JOHAN VAN DER MERWE